## C.N. VAN DER MERWE: BREAKING BARRIERS. STEREOTYPES AND THE CHANGING VALUES IN AFRIKAANS WRITING 1875-1990. Rodopi, Amsterdam, 1994.

Dr. van der Merwe, dosent in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad, werp in hierdie vertaalde studie nuwe lig op die vraag watter politieke rol Afrikaanse skrywers gespeel het, veral in die bevraagtekening van apartheid. Vir dié doel ontleed hy Afrikanernasionalisme, die Afrikaanse patriargale samelewing en die Calvinisme. Hy dui aan hoe dat stereotipes ter ondersteuning van 'n bepaalde tydsgewrig ontwikkel het om daarna bevraagteken en verwerp te word. 'n Belangrike werk vir Geskiedenisonderwysers wat ook die letterkunde onderrig.